basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 28
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## MEI/JUNIE 2024

## NASIENRIGLYNE

## OOS-KAAP

**PUNTE: 40**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 8 bladsye.**

Goedgekeur
Ms SM Barnard
Interne Moderator: DBE
26 Mei 2024

Goedgekeur
Dr D Lawrence
Eksterne Moderator: Umalusi
26 Mei 2024

*Kopiereg voorbehou*

## NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word). Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir WAAR/ ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
APPROVED MARKING GUIDELINES

## AFDELING A: KORTVERHALE

### VRAAG 1: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

### VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | (By) Skurweberg | 1 |
| 1.2 | • Die son is warm.<br>• Daar is baie stof.<br>• Daar is baie lawaai.<br>• Jy bly in 'n tent/ver van die huis af/sien jou gesin nie gereeld nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3 | Sy eerste/oorlede vrou se (jongste) suster.<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |
| 1.4 | personifikasie | 1 |
| 1.5 | D/nie omgegee het om van plek tot plek vir sy werk te trek nie. | 1 |
| 1.6.1 | C/… het besef dat dit verkeerd is om mense te oordeel. | 1 |
| 1.6.2 | E/… het die goeie dinge in die lewe raakgesien. | 1 |
| 1.6.3 | B/… het daarvan gehou om somme te leer. | 1 |
| 1.6.4 | A/… het die ander kans gegee om eerste te groet. | 1 |
| 1.7.1 | opgewonde | 1 |
| 1.7.2 | verbaas | 1 |
| 1.8 | • Gouws het sy bagasie uitgelaai.<br>• Gouws het huis toe gestap.<br>• Die hond, die vrou en die kinders het na Gouws toe gehardloop.<br>• Almal het gehelp om Gouws se bagasie huis toe te dra.<br>*(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.9 | skoene | 1 |
| 1.10.1 | • Die verteller kon sien dat Gouws/die man wou saamry.<br>• Hy het Gouws gehelp om (vinniger) by sy gesin uit te kom.<br>• Gouws het so baie gepraat dat die tyd vinnig verbygegaan het.<br>• Die verteller het 'n kans gevat om 'n vreemdeling op te laai, maar hy het dit nogtans gedoen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 29
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.10.2 | • Die verteller het Gouws nie (goed genoeg) geken nie.<br>• 'n Mens kan nie dink dat iemand oor iets jok net omdat hulle anders optree (as wat jy gedink het) nie.<br>• 'n Mens kan nie 'n ander persoon oordeel nie.<br>• 'n Mens weet nie wat in 'n ander persoon se lewe gebeur nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | • Die verteller het gesien dat die hele gesin gedoen het presies wat Gouws vir hom gesê het hulle gaan doen.<br>• Die verteller het gesien dat die hele gesin betrokke was by Gouws se tuiskoms.<br>• Die hele gesin was bly om Gouws te sien.<br>• Dit was 'n tuiskoms wat Gouws en die hele gesin gelukkig gemaak het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | • Die hoogtepunt in hierdie verhaal is die man wat tuisgekom het.<br>• Die verhaal gaan oor Gouws wat tuisgekom het.<br>• Gouws se tuiskoms was baie belangrik vir die gesin.<br>• Die gesin was bly toe Gouws by die huis gekom het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "DIE RAMP" – TT Cloete**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.13.1 | Houtbaai | 1 |
| 1.13.2 | maagseer | 1 |
| 1.13.3 | huurmotor/taxi | 1 |
| 1.13.4 | drie | 1 |
| 1.14 | C/vinnig, maar versigtig moes ry. | 1 |
| 1.15 | Maandag(oggend) | 1 |
| 1.16 | • Dit het (aanmekaar en hard) gereën.<br>• Daar was 'n sterk wind (van die see se kant af).<br>• Die kuspad is vol draaie en passe.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.17.1 | D/Die verteller moes die laaste ent huis toe jaag. | 1 |
| 1.17.2 | C/Die motor was sonder water en kon nie verder ry nie. | 1 |
| 1.17.3 | E/Mense wat verbygery het, het nie gestop om te help nie. | 1 |
| 1.17.4 | A/Die verteller moes lank vir 'n insleepmotor wag. | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 26
APPROVED MARKING GUIDELINE

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.18.1 | omgee vir mense | 1 |
| 1.18.2 | nie aanvaar nie | 1 |
| 1.19 | Hy het drie/klein kindertjies in sy motor/stasiewaentjie gehad. | 1 |
| 1.20 | • Hy het skuldig/sleg gevoel.<br>• Hy was jammer/spyt daaroor.<br>• Hy wou die weldoener daarvoor betaal/vergoed.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.21 | • Hy was ongeduldig.<br>• Hy het gewonder wat nog verkeerd kon loop.<br>• Hy het gewonder wat alles 'n mens kon oorkom.<br>• Hy het gesê die rit was moeilik.<br>• Hy het al die probleme genoem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | • Dit is verkeerd om so negatief te wees, want dan voel dit of alles verkeerd gaan/mens trek die slegte dinge aan.<br>• Die kinders het die verteller se negatiewe houding aangevoel en baie gehuil.<br>• As 'n mens so negatief is, sien jy niks goed om jou raak nie.<br>• Al het baie dinge met die gesin gebeur, het hulle hulp gekry/het mense hulle gehelp.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.23 | • Hy wou vergoed (vir die moeite/die bril wat gebreek het).<br>• Die weldoener het moeite gedoen/petrol uitgery om hom te help.<br>• Die weldoener het teruggery Humansdorp toe om 'n insleepmotor te gaan haal.<br>• Hy het vir die siek kind aspirine gegee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.24 | • Die weldoener het die verteller gehelp, maar is toe self dood.<br>• Die weldoener se kinders was alleen/sonder ouers.<br>• Die weldoener het die verteller gehelp, maar die verteller kon nie die weldoener help nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **40** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
APPROVED MARKING GUIDELINE

## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 2: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1.1 | Lucky het die katjies verdrink/doodgemaak/vrekgemaak.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.1.2 | • By die (ryk) mense waar sy ma gewerk het se huis.<br>• By die (ryk) mense wat in Shangri-La Villas gebly het.<br>• In die visdam (waar die ryk mense gebly het.)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.2 | • Lady Jane<br>• Tinkerbelle<br>*(Enige **EEN**)* | 1 |
| 2.3 | 'n metafoor | 1 |
| 2.4 | D/sy tyd op die plaas hom nie met sy probleme gaan help nie. | 1 |
| 2.5 | • huiswerker/skoonmaker/bediende/huishulp<br>• domestic<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 2.6.1 | ontevrede | 1 |
| 2.6.2 | hulp | 1 |
| 2.7.1 | E/... se persoonlike probleme het haar bang gemaak vir ander mense. | 1 |
| 2.7.2 | C/... was so besig dat sy nie tyd vir die belangrikste mens in haar lewe gehad het nie. | 1 |
| 2.7.3 | A/... se swaarkry het Lucky so kwaad gemaak, dat hy baie verkeerd opgetree het. | 1 |
| 2.7.4 | B/... het skuldig gevoel omdat Grace geskiet moes word oor iets wat sy verkeerd gedoen het. | 1 |
| 2.8 | • Binki het vir Lucky vertel van Dukie wat in die brand dood is.<br>• Binki het vir Lucky 'n foto van Dukie op haar foon gewys.<br>• Lucky het Sabrina se naam op Binki se foon na Ma verander.<br>• Wilma het vir mevrou Bekker vertel dat Lucky hard gewerk het.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 2.9 | Lucky ...<br>• wou nie op die plaas **wees nie**/niks op die plaas doen nie.<br>• het gedink almal/Wilma **veroordeel** hom.<br>• het gedink die lewe is **onregverdig**/nie fair nie/was kwaad vir die lewe/het gevoel die ryk mense het sy ma nie genoeg betaal nie/geweet die katte se prys was meer as sy ma se salaris.<br>• wou **nie die werk doen** wat Wilma vir hom gegee het nie/was nie gewoond aan die werk (wat hy moes doen) nie (want dit was sy eerste keer op 'n perdeplaas).<br>• voel **vasgekeer**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

APPROVED MARKING GUIDELINE



SB DL

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.10 | • Lucky was onbeskof/ongehoorsaam/stout/het nie goeie maniere gehad nie.<br>• Wilma wou hê Lucky moes die erns van die saak besef.<br>• Wilma wou hê Lucky moes die kans wat hy gekry het om iets te leer, benut.<br>• Lucky praat lelik van ander mense/is sarkasties.<br>• Lucky het nie respek vir Wilma gehad nie.<br>• Lucky het witmense/ryk mense gestereotipeer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Kandidaat kan ook voorbeelde noem)* | 1 |
| 2.11 | Die magistraat ...<br>• het empatie/simpatie teenoor Lucky gewys/was jammer vir Lucky.<br>• het vir Lucky (nog) 'n kans gegee (om uit sy foute te leer)/om diere te leer ken.<br>• het begrip gehad/Lucky se situasie verstaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.12 | • Dit maak Lucky se karakter geloofwaardig.<br>• Lucky is 'n Xhosa-seun (wat nie suiwer Afrikaans praat nie.)<br>• Baie jongmense meng hulle taal/praat so.<br>• Afrikaans is nie Lucky se huistaal nie.<br>• Lucky praat soos die mense van sy omgewing.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.13 | • Lucky wou weer die **foto's** van Dukie/Binki se hond sien.<br>• Lucky wou sy ander/**nuwe naam**/Extra Lucky op Binki se foon intik.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 2.14.1 | karwats/sambok/sweep | 1 |
| 2.14.2 | geval | 1 |
| 2.14.3 | katjies | 1 |
| 2.14.4 | neus | 1 |
| 2.15 | (nuwe/vars/skoon) water | 1 |
| 2.16 | agterdogtig/verstom/geskok/verbaas/geamuseerd/sy kon nie glo wat sy sien en hoor nie/tevrede/gelukkig<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.17 | Binki het 'n bloes met lang moue gedra ...<br>• om haar letsels/merke/brandwonde weg te steek.<br>• want sy was skaam (vir haar letsels).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.18.1 | te terg | 1 |
| 2.18.2 | positiewe | 1 |
| 2.19 | D/deur die trane nie gesien het sy gaan by Kaizer se stal in nie. | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 2
APPROVED MARKING GUIDELINES

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.20.1 | E/Wilma het vir Lucky gesê om mooi met Binki te werk. | 1 |
| 2.20.2 | D/Lucky wou by Wilma weet waarom Wilma "soort van community service" gedoen het. | 1 |
| 2.20.3 | B/Lucky het besef dat hy ander mense seermaak as hy praat sonder om te dink. | 1 |
| 2.20.4 | C/Binki het besluit dat sy nie meer haar letsels gaan wegsteek nie. | 1 |
| 2.21 | • Lucky het die bloes se mou per ongeluk (los)geskeur/Lucky het skuldig gevoel dat hy dit gedoen het.<br>• Lucky was bang dat hy in die moeilikheid sou wees by Wilma/sy prokureur/die magistraat.<br>• Hy was jammer/spyt (dat hy vir Binki ontstel het).<br>• Lucky het besef dat hy Binki skaam laat voel het/verneder het.<br>• Hy wou die situasie weer beter maak/Binki se littekens bedek/toemaak/wou nie die letsels sien nie.<br>• Binki se arms het letsels/littekens.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Geen direkte aanhalings word aanvaar nie)* | 1 |
| 2.22 | Lucky ...<br>• het geleer/besef dat diere regtig verstaan.<br>• was nie meer kwaad nadat hy met Kaizer gepraat het nie/het beter/ligter gevoel.<br>• het by Kaizer geleer om respek te hê/om nie diere te mishandel nie.<br>• het goeie lewenslesse by Kaizer geleer.<br>• het die kans gekry om diere beter te kan verstaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.23.1 | Ek het geleer dat ...<br>• konfrontasie/aggressie/woede/arrogansie nie help nie.<br>• ek eerlik moet wees oor wat ek verkeerd gedoen het.<br>• ek om verskoning moet vra vir wat ek verkeerd gedoen het.<br>• mense my sal vergewe/nie sal veroordeel vir wat ek verkeerd gedoen het (nie).<br>• praat/kommunikasie verhoudings beter maak/'n mens moet praat oor dinge wat jou seermaak.<br>• perde (mense se probleme) verstaan/ook omgee soos mense.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.23.2 | Ek het geleer dat ...<br>• 'n mens nie iemand anders kan dwing om vir jou tyd te maak nie.<br>• ek dinge moet aanvaar wat ek nie kan verander nie.<br>• ek ander goeie dinge in my lewe/vriende/mense wat vir my omgee moet waardeer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **40** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **40** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -05- 2
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Kopiereg voorbehou

SB DL